**Titel:** Gedagte vir die Dag
**Spreker:** Heinrich Titus
**Datum:** 1 Augustus 2010
**Tyd:** 9:00

**‘n Toekomsverwagting**

**Jer 29:11**

11Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ’n hoopvolle toekoms te gee.

**Jer 31:17**

17Ja, daar is hoop vir jou kinders, spreek die HERE...

**Van voorspoed na verwarring**

**Jer 29: 1-2**

1En dit is die woorde van die brief wat die profeet Jeremia uit Jerusalem gestuur het na die nog lewende oudstes van die ballinge en na die priesters en die profete en na die hele volk wat Nebukadnésar uit Jerusalem in ballingskap weggevoer het na Babel toe — 2ná die uittog van die koning Jegónja en die gebiedster en die hofdienaars, die vorste van Juda en Jerusalem, en die smede en die slotmakers, uit Jerusalem

**Babilonië**

1.) Mensgemaakte koninkryk: rebellie teen God.
2.) Plek van verwarring (Babelse verwarring)
3.) Ten doel om God se kinders uit beloofde land te kry en te hou.
4.) Vals godsdiens

**God in beheer van geskiedenis**

**Jer 29: 4**

4So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel, aan al die ballinge wat Ek uit Jerusalem na Babel in ballingskap weggevoer het:

**Voorspoed in ballingskap**

**Jer 29:5-7**

5Bou huise en woon daarin, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan; 6neem vroue en verwek seuns en dogters, en neem vroue vir julle seuns en gee julle dogters aan mans, dat hulle seuns en dogters baar; en vermenigvuldig daar, en moenie verminder nie; 7en soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê.

**Babilon is nie die vyand**

**Jer 29:5-7**

5Bou huise en woon daarin, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan; 6neem vroue en verwek seuns en dogters, en neem vroue vir julle seuns en gee julle dogters aan mans, dat hulle seuns en dogters baar; en vermenigvuldig daar, en moenie verminder nie; 7en soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê.

**Waak teen geestelike verwarring**

**Jer 29:8 -10**

8Want so spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel: Laat julle profete en julle waarsêers wat onder julle is, julle nie bedrieg nie, en luister nie na julle dromers vir wie julle laat droom nie.
9Want hulle profeteer vir julle vals in my Naam; Ek het hulle nie gestuur nie, spreek die HERE.

10 Want so sê die HERE: As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee en aan julle my goeie woord vervul om julle na hierdie plek terug te bring.

**God se goeie woord**

**Jer 29: 11-14**

11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en
nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. 12 Dan sal julle My aanroep en heengaan en
tot My bid, en Ek sal na julle luister. 13 En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele
hart. 14 En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander en julle versamel uit
al die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle
terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het.

**God se goeie woord**

**Joh 16:33**

33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

**God se plan vir Babilon deur ons**

**Rom 2: 4**

4 Of verag jy die rykdom van sy goedhartigheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedheid van God jou tot bekering wil lei nie.